

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen oulike liefde vir God en gehoorsame liefde vir God. Dit is die verskil tussen kuier-liefde en bly-liefde! Christus laat ons in God se liefde bly en maak dat ons Hom en ons naaste volgens sy wet wil lief hê. In afgodsdienste wil ons oulik wees deur so groot en magtig soos God te speel en só bemagtig te word deur tussen mense groot en magtig te speel.

Skriflesing 1 Johannes 3: 24 – 28,; 4 : 7 – 21; Matteus 16: 21 -24.

Teks: 1 Joh. 4: 15: “¹⁵ Wie bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom en hy in God.”

Tema: Christus laat ons in God se liefde bly leef. Hy troetel ons nie.

1. Kom ons kyk na die verskil tussen liefde in geloof en liefde as identifikasie met God. Dit is die verskil tussen regte liefde wat bly-liefde is en nie-regte liefde wat net kuier-liefde is.

Liefde wat regtig liefde is en nie troetelliefde is nie! Dit is die saak wat die apostel Johannes in die 1 Johannes brief aan die orde stel. Dit is die verskil tussen liefde in die geloof in Christus teenoor liefdes van mense wat met afgodsdienste besig is. (1 Joh. 5:) Die liefdes van mense in afgodsdienste noem die apostel “liefde vir wat in die van wêreld is” (1 Joh. 2: 15), “begeertes” (1 Joh. 17:1) en “haat vir jou broeder” (1 Joh. 4: 20) omdat dit liefdes is wat nie liefde volgens God se wet is nie. (1 Joh. 5: 2, 3)

Johannes kondig liefde aan as die gemeenskap (verbondenheid) waaraan ons met God en met mekaar deel het (1 Joh. 1: 3) Hy stel dat die liefde wat God vir ons het se doel is dat ons gehoorsaam aan God se wet sal wees, want werklike liefde vir God is gehoorsaamheid aan sy wet. (1 Joh. 4: 17)

Dit sê hy omdat daar mense is wat beweer dat hulle God se liefde ken en dat hulle mekaar lief het, maar dit is volgens die apostel nie waar wat hulle sê nie. Hulle liefde is nie liefde nie, maar sondige begeertes wat hulle as liefde vir God en mense glo.

2. Wat is troetelliefde?

Hierdie voorbeeld is met apologie aan al die tannies in die gemeente. Ons gaan in die voorbeeld so bietjie oordryf ter wille van die punt.

Kinders, julle ken hierdie tipe liefde baie goed: troetelliefde wat nie regte liefde is nie. Dit gebeur elke keer as julle by tannies gaan kuier. Wat gebeur? As julle in die huis inkom dan kom die tannie, omhels julle, druk julle styf teen hulle vas en gee jou so soen met sagte-tannie-wange op jou wange en dan vertel hulle vir julle hoe oulik julle is. En as dit klaar is, wat gebeur dan? Dan moet jy soet wees en buite gaan speel want die tannies gaan nou kuier! Dit is troetelliefde. Intieme innige drukkies met oulike kinders wat na die drukkies buite moet gaan speel.

3. Hoekom is oulik wees en buite-gaan speel troetelliefde?

Dit is troetelliefde want dit is nie regtig liefde vir kinders nie. Jy kan dit maar toets. As jy vir altyd by hierdie tannie gaan bly, en jy is en doen die hele tyd wat jy altyd by jou pa en ma is en doen, dink julle die tannie gaan julle elke dag nog só styf vashou en vir julle vertel hoe oulik julle is? Sy gaan regtig ophou drukkies gee en grimmig, grommerig en raserig raak!

Hoekom is jy nie meer so oulik en kry jy nie meer drukkies nie?

Want dit is nie meer kuier-liefde nie, dit is nou bly-liefde. Kuier-liefde beteken dit is liefde wat jy net met 'n kuiertjie so nou en dan kry. Bly-liefde is iets heeltemal anders. Bly liefde is die liefde wat jou pa en ma die hele tyd vir jou het terwyl jy die hele tyd by hulle bly. Ouers troetel nie kinders en laat hulle dan buite gaan speel nie. Hulle leef in liefde die hele tyd saam met hul kinders.

Kom ons kyk weer wat sê Johannes is God se werklike liefde vir ons. Werklike liefde is bly-liefde! Kyk hoe stel Johannes dit : “¹³ Hiëraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.” Dit is bly-liefde omdat God ons in hierdie liefde vashou. Dit is wat die gawe van die Gees doen: dit laat ons die hele tyd binne God se liefde bly leef.

Hierdie bly-liefde is werklike liefde. God het ons regtig lief omdat Hy liefde is. En dit is altyd eerste liefde. God het ons altyd eerste lief. Dit beteken terwyl ons Hom nie lief het en sonde doen, hou Hy aan om ons lief te hê. Hy laat ons in sy liefde bly leef, ook wanneer ons ons mislike ou self ook is, en ons hoef ook nie oulik te wees om in sy liefde te bly leef nie.

'n Liefde waarin ons altyd bly, maak nie saak wat met ons gebeur, wat ons doen of nie doen nie. Dit is 'n liefde waarin ons met vertroue kan leef omdat dit altyd liefde is en liefde is wat altyd bly. Dit is wat Johannes sê met hierdie sin: ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin. Dit bly altyd en ons leef altyd daarin.

5. Mense wat glo troetelliefde by God soek, wil nie in sy bly-liefde leef nie.

Dit is net soos met kinders. Wil kinders by troeteltannies bly? Nee, jy wil hê dit moet kuierliefde wees. Dit moet nooit bly-liefde word nie. Hoekom nie? Want hierdie tannie-liefde is nie werklike liefde nie. Hoekom druk tannies jou só? Dit is om hulle die gevoel te gee van liefdevolle mammas maar hulle wil nie jou regte ma wees nie. Hulle wil net só voel maar hulle is nie lus vir alles wat regtig kinderliefde is nie.

Kyk mooi wat sê Johannes: die liefde wat God vir ons het is werklike liefde! Dit is die werklike liefde wat God het vir mense. Dit is die liefde waarmee God alles is en gaan en wil wees wat God vir mense is. Hierdie werklike liefde van God is nie net drukkies nie. Dit is nie net iemand wat soos God wil voel maar nooit regtig God kan wees vir mense nie. Dit is die tipe God wat die mense wou gehad het wat Johannes in sy brief aanspreek as mense wat nie die liefde van God ken nie. Hulle soek afgodsliefde by God. (1 Joh. 5: 21)

Hoe werk afgodsliefde? Afgodsliefde is wanneer jy God binne in 'n mooi plek sit en na God toe gaan om drukkies vir God te gee en drukkies van God te kry. Vandag noem mense hierdie drukkies godserverings en godsbelewensse. Hulle soek sulke spesiale intieme ervaringsoomblikke met God, maar terwyl hulle hierdie godserverings soek en hierdie godsaandoeninge beleef, moet God net nie regtig God wees nie. Hy moet net voel Hy is God maar Hy moet nie regtig God wees en doen wat God doen nie. Net soos wat 'n tannie net mamma-liefde voel maar nie 'n regte mamma wil of mag wees nie.

Daarom sê die apostel vir die gemeentes dat mense met afgodsliefde ken nie die Here Jesus Christus nie. (1 Joh. 3:1), want die Here laat ons in die werklike liefde van God die Skepper van hemel en aarde deel. In sy werklike liefde wil God nie soos God voel sonder om te doen wat die Skepper van hemel en aarde doen nie. In hierdie werklike liefde is God vir ons lief deur vir ons alles te wees en te doen, wat God vir sy skepsels is en doen. Hy sorg vir die suurstof wat ons inasem, die son wat op ons vel skyn en vir ons oë lig gee, vir die water wat ons drink, alles wat ons eet, vir alles wat ons liggaam is en doen, vir die aarde wat ons kan bewoon en ons menswees met ander mense.

God se liefde is soos ouerliefde: hulle gee nie troetelliefde, liefde wat hulle soos ouers laat voel sonder dat hulle regtig ouers is nie. Hulle is regtig ouers en doen regtig wat ouers doen vir hulle kinders.

Afgodsliefde is om godserverings met God te beleef maar Hom nie as Skepper te wil eer en dank nie. (Rom. 1: 21)

7. Hoekom hou kinders so baie van troetelliefde?

In troetelliefde is jy altyd die tannies se oulike kind.

Hoe is 'n mens oulik? Jy is oulik as jy vir hulle wys hoe groot is jy al. Jy is oulik as jy kan wys hoe kan jy spring, bietjie jive, sing en resitasies opsê. Jy is oulik as jy as jy sommer jou skaam jou vinger in jou mond sit en sommer net daar staan of rondloop. In tannie-liefde weet jy alles wat jy doen is sommer net oulik vir haar want sy dink sommer maar net alles wat jy is en doen is oulik. Alles is oulik want jy wys hulle hoe groot is jy al.

En omdat jy so oulik wys hoe groot is jy al, glo hulle jy is so liefevolle kind. Oulikheid is liefdevolheid, want oulikheid laat haar en jou voel hoe groot is jy al.

Maar dit is skelmliefde: want jy weet jy is nie groot nie en sy wil nie hê jy moet jou soos 'n groot kind gedra nie. Jy moet klein wees en wys hoe groot jy is, maar jy mag nie soos 'n regte groot kind wees nie. As jy 'n tiener is en jive en heupe swaai dan is hierdie tannies paniekbevange. Dan is sy regtig glad nie meer lief vir jou nie. Tannies hou niks van tieners nie. Hulle hou net van kleintjies wat wys hoe groot hulle kamstig is.

Hoe verskil dit met regte ouerliefde?

Regte ouers wat kinders regtig lief het wil nie hê hulle kinders moet oulik wees nie. Hulle wil hê hulle kinders moet gehoorsaam wees. Hulle moet gehoorsaam wees in alles wat hulle in hulle liefde vir jou wys en sê wat om te doen.

Jy moet gehoorsaam wees in die doen van jou huiswerk by die skool. Jy moet gehoorsaam wees deur reg op te tree teenoor jou broers en susters. Jy moet gehoorsaam wees in die huiswerk waarmee jy hulle moet help. Jy moet gehoorsaam wees wanneer hulle vir jou sê watter maatjies jy mag hê en wat jy moet doen as jy by maatjies speel.

Wat gebeur sodra julle ouers van julle verwag om gehoorsaam te wees. Hoe oulik is julle dan? Dan is julle nie meer oulik nie maar mislik! Dan wys julle julle wil nie gehoorsaam wees nie. Dit is nie lekker nie. Dit is nie wat jy wil doen nie. Dit is nie wat jy wil hê nie en met jou mislikheid wys jy vir jou ouers jy wil nie gehoorsaam wees nie, jy wil net oulik wees.

Ouers se regte liefde ken hul kinders as mislike kinders as hulle gehoorsaam moet wees, nie as oulike kinders wat moet wys hoe groot hulle is nie. Kinders hou van troetelliefde waar hulle net oulik en nie gehoorsaam hoef te wees nie.

8. Hoe kinders van God se liefde is gehoorsaamheid, só kondig Johannes dit aan: “Hiëraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.” (1 Joh. 5: 2,3) Regte liefde vir die regte Skepper is gehoorsaamheid aan sy gebooie. Dit is wat God ons in sy gebooie wys - hoe ons werklike liefde vir Hom en mense moet lyk.

Johannes wys ook dat ons behoefte aan troetelliefde nie regte liefde is nie: “Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir god gehad het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het. ...: (1 Joh. 4: 10 83 vertaling) Die tipe liefde wat ons binne in onself vir God het, word genoem “nie-werklike liefde”. Dit is ons tannie- en kuierliefde. Ons wil nie aan God gehoorsaam wees nie, ons wil vir God oulik wees.

Dit is die probleem met die liefde van die gemeentes gewees aan wie Johannes hierdie brief skryf. Hulle wou oulik wees vir God, nie gehoorsaam aan sy wet nie.

Hoe werk dit? Mense wat vir God oulik wil wees, wat oulike liefde vir God wil hê? Dit is mense wat mense is maar wys hoe kamstig groot hulle soos God is, net soos kleintjies wil wys hulle is grootmense.

Mense wat vir God oulik wil wees wys hoe hulle in die krag van God leef en hoe kragtige dinge hulle in en deur die krag van God kan doen. Hulle wil wys hoe God in hulle is en hulle alles van god in hulle lewe uitbeeld. Hulle wil wys hoe hulle met God se gesag en mag kan praat en soos God kan bevele gee. Dit is mense wat kamstig wys hoe God in hulle leef en hoe jy God binne in hulle lewe moet raaksien, nes tannies sien hoe groot kleintjies al is.

9. Johannes wys dat mense wat vir God oulik is, haat hulle gelowige broers en susters in die kerk. Dit is die bedoeling van die sin: “As iemand sê, “Ek het God lief”,

en sy broer haat, is hy 'n leuenaar.”(1 Joh. 4: 20) Wat doen kinders wat troetelliefde by tannies kry met ander kinders?

Tannies troetel kinders as oulike kinders, omdat hulle, al is hulle nog klein, hulle net soos groot mense gedra. Wanneer ander kinders kyk hoe tannies hulle boetie of sussie troetel en hom laat glo hy is oulik omdat hy hom soos 'n groot mens gedra, wat weet hierdie kinders in hulle harte? Hulle weet dat wanneer hy nou buite kom speel, gaan hy dink hy is oulik as hy hom soos 'n groot mens teenoor sy boeties en sussie gedra! Hy gaan grootmens tussen kinders wees! Hy gaan nie kinderliefde vir kinders gee nie. Hy gaan sy maats as kinders minag omdat hy grootmens tussen hulle is. Só haat hy sy broers en susters!

Dit is wat mense met afgodsliefde in hulle harte met hul mede-gelowige broers en susters in die kerk doen! Hulle minag hulle vir hul menslike gehoorsame liefde aan God! Mense wat vir God oulik is, glo God laat hulle goddelik wees soos god en nie menslik soos mense nie. In God se troetelliefde met hulle word hulle een met die krag, mag, gesag, wil, raadsplan en voorsienigheid van God self.

Wanneer hulle dan “buite-kom-speel” tussen gelowiges, dan is hulle goddelike mense wat God kom verteenwoordig by hul mede-broers en susters. Hulle verteenwoordig God se krag, mag, liefde en wil tussen ander en ander moet só na hulle opsien en hulle navolg as God se verteenwoordigers. Met hulle troetelliefde, minag hulle gelowiges as klein gelowiges wat nog nie soos groot soos god is, soos hulle is nie.

Daarom verklaar Johannes dat hulle troetelliefde waarmee hulle mede-broers en susters minag, is omdat hulle nie die regte liefde van God ken wat jou 'n gehoorsame kind van God en nie 'n goddelike mens maak nie.

Wat gebeur met hierdie mense wat hierdie oulike liefde vir God het wanneer God sê hulle moet gehoorsaam wees aan sy wet? Hulle moet nie oulike liefde vir God wys nie! Hulle moet gehoorsame liefde vir God hê!

Dan word hulle mislik met God en mense! Dan wys hulle haat vir hulle kind wees!

10 Hoe maak God mense wat mislik is wanneer hulle gehoorsaam moet wees, kinders van God wat gehoorsame liefde gee?

Deur bly-liefde! God maak ons sy gehoorsame kinders, met bly-liefde! God laat ons regtig in sy werklik liefde bly leef, al is ons ons mislike self met ons sondes! Dit is die liefde wat god aan ons bewys in en deur Jesus Christus. Ons bly in God se liefde met al ons sondigheid. Hy leef saam met ons as God met al ons sondes, moedswillighede, skeefheid, verwrongenheid en gebrokenheid.

Dit is God se eerste en werklike liefde vir ons as sy kinders! (1 Joh. 4: 19, 10)

Wanneer Johannes stel dat ons lief het omdat God ons eerste lief gehad het en dat ons ons nie God en ons naaste volgens sy wet liefhet, ons god se liefde nie ken nie, dan beteken dit dat God se regte eerste liefde skep in ons kinderliefde!

Net soos ouers se regte liefde 'n liefde in kinders skep wat hulle wil gehoorsaam laat wees en nie oulik wil laat wees nie – so skep God se regte liefde in Christus vir ons bly-liefde, gehoorsame liefde!

Bly-liefde is wanneer ons as God se geliefde kinders, God as God liefhet en mense as mense liefhet volgens sy gebooie: die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.” (1 Joh. 5: 2)

Hoe kan gelowiges ingesteld wees om gehoorsame bly-liefde? Omdat hulle in die geloof leef dat hulle in God se bly-liefde altyd bly leef! Dit is hoe hulle seker is dat God nooit hulle met troetel en buite toe stuur om oulik te gaan wees nie. (1 Joh. 5: 4)

Ons het God en ons naaste gehoorsaam lief omdat God se liefde vir ons bly-liefde en nie troetelliefde is nie.

11. Wat is selfverloëning?

Die Here noem in Matteus 16 ons gehoorsaamheid binne sy bly-liefde, selfverloëning.

Selfverloëning is om nie meer in troetelliefde vir God te wil leef nie, maar om God en mense werklik lief te wil hê soos God in sy wet wys en eis.

Dit is wanneer jy nie meer glo dat jou begeerlikhede is ware liefde nie, maar aanvaar dat die enigste werklik liefde vir God en mense gehoorsaamheid aan God is en jou aan hierdie en tot hierdie liefde verbind.

Hoe?

Hoe gebeur dit dat 'n kind hom self losmaak van troetel-tannieliefde en homself tot gehoorsame liefde verbind?

Deur die werklike liefde van God waarin ons bly! Omdat ons altyd in hierdie liefde van God in Christus bly, en ons God vir hierdie bly liefde vertrou, maak hierdie bly-liefde ons mense wat nie ons innerlik aan God se wet verbind as die wyse waarop gehoorsame liefde teenoor God en ons naaste uitleef.

Dit is hoe die apostel Johannes dit stel: ¹⁵“Wie bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom en hy in God. ¹⁶En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.”

Omdat ons glo in God se bly-liefde en daarin leef, wil ons nie meer hierdie troetelliefde speel, vir God kamstig groot wees nie, ons wil ons tot gehoorsame liefde verbind.

13. Die tragiese van die kerk op die oomblik is dat hulle hierdie selfverloëning om nie meer te speel in troetelliefde vir God maar jouself tot gehoorsame liefde te verbind in God se blywende liefde, omkeer en in hierdie onbekeerdheid volhard.

Hulle maak selfverloëning die geestelikheid waarin jy kamstig groot moet speel om oulik vir God te wees: jy moet jou menswees ontken en jy moet leef in die krag, die mag die naam en die wil van God asof dit jou krag, jou mag, jou wil en jou Naam is.

Die rede hiervoor is omdat hulle in hierdie kuierliefde van God wil volhard: godservaings en godsontmoetings met spesiale godsoomblikke. Hulle wil nie in God se blywende liefde leef nie. Want hulle wil nie verbind word tot gehoorsame liefde nie – dit maak hulle net mislik!

Wie glo in Christus se lyding en sterwe as die werklike liefde van God leef in die blywende liefde van God. Wie in hierdie blywende liefde leef, verloën homself: breek met oulike liefde vir God tot gehoorsame liefde vir God!

Breek met die gewoonte om jou begeerlikhede as liefdes te glo! Is verbind tot God se wet as die enigste wyse waarop ons as mense liefde kan geen en ontvang. Regte liefde, nie oulike liefde nie.

Kom ons verloën onself en breek met ons neiging vir kuier-liefde met God waarin ons vir God net oulik is. Kom ons glo en leef en God se by-liefde in Christus en wees sy gehoorsame kinders!